Italiaanse nommerstempels

Hierdie uitstalling wys voorbeelde uit die onderverdeling van die Italiaanse nommerstempels, wat op 'n vaste patroon geloop het. Die hoofafdelings is

- Aanloop
- Hoofposkantore (Gran citte)
- Tweedeklas poskantore
- Spesiale gebruike
- Derdeklas poskantore
- Herbruikte nommers

Die voorbeelde wys die nommer stempel asook die naam van die poskantoor en waar dit in Italie gelee is, met 'n paar koeverte ook as illustrasie. Aangesien daar oor die 4000 nommers was, is dit onmoontlik om almal te wys!

Italie het eers in 1860 werklik ontstaan met die vereniging van verskeie state binne in die Koninkryk van Sardinie. Hierdie koninkryk het toe naam verander na die Koninkryk van Italie.

Hierdie state het hulle eiesortige stempels gehad en aanvanklik binne in die nuwe koninkryk gebruik.

Hier is voorbeelde van die oval Toskaanse stempel, die ornamentale Siciliaanse en klein ronde stempel van die pouslike state.

Die eerste Italiaanse seels, uitgegee in 1862, word gewoonlik gevind met die enkelsirkel of dubbelsirkel dorpstempels. Hierdie is ook die geval met die 1863 konings uitgawe, met voorbeelde hier van Perugia, Palermo en Livorno.

Maar in 1866 het hierdie verander met die besluit van die koninkryk dat voortaan nommerstempels gebruik sou word, met die nommer 17 van Milano hier as 'n voorbeeld van die stelsel wat vir die volgende 33 jaar gebruik sou word.

By instelling het die nommerstempels bestaan uit 'n blok punte met die nommer in die middel. Hierdie is gebruik om die seel te stempel, en die dorpstempel is dan ook op die koevert aangebring wat dit darem makliker gemaak het om die dorp van herkoms uit te ken

Die koevert onder wys hierdie gebruik met die nommer 12 in die punte, en die dorpstempel Firenze links. Hierdie koevert van 1869 was dus van die hoofstad van Italie, want Rome het dit eers in 1871 geword.

Die punt en nommer stempels is in 1877 vervang met die sirkel van strepe met die nommer in die middel en hierdie is dan algemeen gebruik tot 31 .12 1889, soos op die voorbeeld regs van die derdeklas poskantoor Brisighella in die Ravenna provinsie.



Die eerste 28 nommers is toegeken alfabeties aan die Eersteklas poskantore (hoofposkantore). In Italiaans is hulle "Grande citti" genome, wat 'n heel toepaslike beskrywing was.

Al die stempels op hierdie bladsy is van die tweede groep nommers met balke.



Die poskantore was redelik ongelyk verdeeld met nagenoeg die helfte (sowat 1600 uit die 2900) wat uit die voormalige Sardinie gekom het. Dit is dus nie vreemd dat hierdie streke meer hoofkantore gekry het, al was die stede redelik naby aan mekaar soos Modena, Lucca en Firenzi bo uitgebeeld

Uit hierdie hoof poskantore is dit opvallend dat Rome en Venesie kort – maar hulle het eers by Italie aangesluit nadat hierdie verdeling gedoen is.

Venesie het eers in 1866 en Rome in 1870 deel van Italie geword: van hulle kantore is egter wel onder die derdeklas kantore wat later stempels gekry het

Die tweede klas kantore se nommers het vanaf 29 tot 170 gestrek, ook alfabeties toegeken. Soos hier gesien kan word, is dorpe naby mekaar se nommers partykeer ver uitmekaar uit (soos 102, 117 en 147) met dorpe met die volgende nommer ver weg (soos 116).

Die brief onder wys die eerste sort nommer stempel met punte wat tot 1877 gebruik is, en die tipiese enkelsirkel met dorpsnaam. Die rugstempel van Ancona is van die 1steklas kantoor, en dui ontvangs aan.





Na 1861 is die hoof administratiewe afdeling van Italie die streke, waarvan daar oorspronklik sewe groot streke was, maar in 2018 het dit vermeerder tot 20.

Die tweedevlak administratiewe eenheid was die provinsie. Oorspronklik 59 in nommer, is dat in 1866 met Venesie se toetrede tot 68 vermeerder en in 1870 tot 69. Daar is oor die jare verskeie veranderinge hieraan aangebring tot waar daar in 2018 100 provinsies is

Die tweedevlak poskantore is dikwels die hoofstad van die provinsie met dieselfde naam, soos in al die gevalle hier gewys.

Die provinsie Caserta, een van die oorspronklikes is egter in 1927 onderdruk, maar is weer in 1945 ingestel.

Lecco 97 bo, was nie oorspronklik hoof van 'n provinsie nie, maar in 1992 is die provinsie Lecco ingestel.

Met slegs 59 provinsies en 160 tweedeklas kantore, kon nie almal provinsiale hoofstede wees nie. Hierdie bladsy ways dan 'n klompie wat nie hoofstede was nie, maar wel tweedeklas kantore

Dit is duidelik dat die verspreiding van die kantore wat in 1866 uitgesit is wel die invloed van die staat Sardinie gewys het. Hierdie staat was nie net die eiland nie, maar het ook die noordelike vasteland streke van Piedmont, Savoy en Nice ingesluit, met die hoofstad Torino.

In 1861, met die totstandkoming van die geintegreerde posdiens, was nagenoeg 900 van die 1800 poskantore in hierdie streke.

Die nommers van 171 tot 191 is uitgehou vir takke van die eersteklas of "Gran citte" poskantore. Hierdie takke het partykeer name gehad, soos by Bolgna Ferrovia (spoorweg) 172, of was maar 'n tweede nommer van die stad soos by Milano 181

Die twee Napoli takke wys die eerste sort stempel, met die Genovia takke wat onderskeidelik die eerste en tweede sort stempel wys

In 'n paar gevalle soos by Napoli en Genova is daar meer as een nommer. Na 1866 en die nommer 2503 is nuwe takke 'n viersyfer nommer toegeken

'n Spesiale geval is die van Pescara Ferrovia 188, want Pescara is oorspronklik ingedeel as 'n derdeklas kantoor en nie 'n eersteklas of "Gran citte" nie.



Nommer 226 tot 233 is toegeken aan skepe, albei die op die oop see en die op binnelandse waters. Hierdie spesifieke stempel 226 is op binnelandse waters gebruik met die toekenning aangedui as "Servizi laucali natante" (In diens van skepe op mere).

Die spoorwee het ook reisende poskantore gehad. Aan hierdie poskantore is die stempelnommers 192 tot 225 toegeken, soos op die Cuneo-Torino hier gewys.

Later is van die tweede stempels van eersteklaskantore, soos Firenze-Torino 174 hierbo gebruik, en later nog is daar ook viersyfernommers toegeken.

Soos by Cuneo-Torino hier gewys was daar ook dikwels meer as een nommer aan 'n spesifieke spoortrajek toegeken – hier is opeenvolgend 206 en 207. Die nommers is ook aan 'n spesifieke rigting toegeken vanaf die eerste plek genoem na die tweede, met ander nommers toegeken aan die retoerit.

Die derdeklas poskantore is die nommers 236 tot 2503 toegeken in alfabetiese volgorde, net soos by die tweedeklas kantore. Nuwe kantore is dan nommers vanaf 2504 toegeken.

'n Voorbeeld van 'n brief van 'n derdeklas kantoor is die een van Borgomanero, met die dubbelsirkel dorpstempel en die eerste sort nommerstempel van 483

Op die rugkant vind ons twee stempels – die eerste is van die Milano Stazione poskantoor, wat aangedui het dat dit met die trein gekom het, en die tweede die hoofposkantoor Milano stempel. Albei hierdie is die enkelsirkel stempel. Beide die dubbelsirkel en die enkelsirkel is voorbeelde van Sardieniese stempels.

Derdeklas poskantore was redelik volop en ook naby mekaar. Daar was natuurlik minder pos van hierdie kantore, want hulle was dikwels in kleiner dorpe met inwonergetalle wat selfs nou minder as 10,000 is.

Daar moet ook genoem word dat in 1871 is daar gevind dat 65,9% van die mans en 75,1% van die vroue ongeletterded was, wat ook minder gebruik van die pos beteken het.

Hierdie is ongewoon aangesien die 1 en 2c nie veronderstel was om met die nommerstempels gestempel te word

Nommers vanaf 2504 is toegeken aan kantore soos hulle oopgemaak het – die sogenaamde "Istituito successivamente".

Soos die boonste vier hier en die twee regs van Italie, is dit nie verbasend dat die poskantore in Venesie en die voormalige Pouslike State goed verteenwoordig was, aangesien hulle nie in die eerste indeling gereken was nie

In 1870, aan die einde van die klassieke tydperk was daar amper 2900 nommers uitgereik, met die hoogste nommer 3074, nog steeds in die ontwerp van punte en 'n nommer.

Daarna was alle uitreikings die strepe en nommer tipe met die nommers nog steeds toegeken in volgorde van poskantoor oopmaak. Hierdie nommer stempels se gebruik was in 1889 gestaak met die hoogste nommer 4473 (Tarsagno in die Provinsie Parma).

Stempels met getalle bo 4000, soos Paularo hierbo, is skaars aangesien die tydperk waarin hulle gebruik was, maar van korte duur was, en die dorpe dikwels klein. Paularo, byvoorbeeld het in 2017 maar 2556 inwoners gehad. Dit is ook gelee in 'n gebied wat deel van Venesie was.



Dieselfde nommer kan by meer as een poskantoor gevind word. Soos poskantore toegemaak is, is hulle nommers aangegee aan 'n nuwe kantoor. Hierdie tweede kantoor is dan ook 'n "Istituito successivamente" IS. Die groot pyle ways waar nommers geskuif is.

Om te besluit by watter kantoor 'n los nommer dan gebruik was is moeilik. Gewoonlik moet aanvaar word,dat die eerste sort stempel by die eerste kantoor gebruik is, en die tweede sort gewoonlik by die tweede kantoor, maar slegs die dorpstempel saam met die nommer is bevestigend.

Hier is daar, bv, Abbasante 236 (toevallig die heel eerste van die derdeklas poskantore) se nommer met die eerste sort stempel, met Mantova, die IS, met die tweede sort nommerstempel

Nommerstempels is op 1 Maart 1866 ingestel en nadat die vorm verander het van punte met 'n nommer soos hier uitgebeeld op 'n brief van die tweedeklas kantoor Faenza 76, na een met nommers en strepe, is daar op die 31.12.1889 afgesien van die nommerstempels.

Die Eerstedag koevert (onder) met Rome se Filataliese toonbank stempel is uitgegee 100 jaar nadat die puntstempels uit gebruik geneem is en is tiperend van die stempels wat dan na 1889 gebruik is.

Tog hou die puntstempels nog hul bekoring, met die raaisel van die dorp waar hulle gebruik is slegs opgelos met die dorpstempel saam met die nommer, en die roete wat die brief gereis het bewys deur hierdie en die ontvangs stempel soos die van Ancona agterop hierdie brief.

Italiaanse nommerstempels

Hierdie uitstalling wys voorbeelde uit die onderverdeling van die Italiaanse nommerstempels, wat op 'n vaste patroon geloop het. Die hoofafdelings is

- Aanloop
- Hoofposkantore (Gran citte)
- Tweedeklas poskantore
- Spesiale gebruike
- Derdeklas poskantore
- Herbruikte nommers

Die voorbeelde wys die nommer stempel asook die naam van die poskantoor en waar dit in Italie gelee is, met 'n paar koeverte ook as illustrasie. Aangesien daar oor die 4000 nommers was, is dit onmoontlik om almal te wys!

Italie het eers in 1860 werklik ontstaan met die vereniging van verskeie state binne in die Koninkryk van Sardinie. Hierdie koninkryk het toe naam verander na die Koninkryk van Italie.

Hierdie state het hulle eiesortige stempels gehad en aanvanklik binne in die nuwe koninkryk gebruik.

Hier is voorbeelde van die oval Toskaanse stempel, die ornamentale Siciliaanse en klein ronde stempel van die pouslike state.

Die eerste Italiaanse seels, uitgegee in 1862, word gewoonlik gevind met die enkelsirkel of dubbelsirkel dorpstempels. Hierdie is ook die geval met die 1863 konings uitgawe, met voorbeelde hier van Perugia, Palermo en Livorno.

Maar in 1866 het hierdie verander met die besluit van die koninkryk dat voortaan nommerstempels gebruik sou word, met die nommer 17 van Milano hier as 'n voorbeeld van die stelsel wat vir die volgende 33 jaar gebruik sou word.

By instelling het die nommerstempels bestaan uit 'n blok punte met die nommer in die middel. Hierdie is gebruik om die seel te stempel, en die dorpstempel is dan ook op die koevert aangebring wat dit darem makliker gemaak het om die dorp van herkoms uit te ken

Die koevert onder wys hierdie gebruik met die nommer 12 in die punte, en die dorpstempel Firenze links. Hierdie koevert van 1869 was dus van die hoofstad van Italie, want Rome het dit eers in 1871 geword.

Die punt en nommer stempels is in 1877 vervang met die sirkel van strepe met die nommer in die middel en hierdie is dan algemeen gebruik tot 31 .12 1889, soos op die voorbeeld regs van die derdeklas poskantoor Brisighella in die Ravenna provinsie.

Como 9

Brescia 6

Alessandria 1

Cremona 10

Bologna 5

Bari 3

Die eerste 28 nommers is toegeken alfabeties aan die Eersteklas poskantore (hoofposkantore). In Italiaans is hulle "Grande citti" genome, wat 'n heel toepaslike beskrywing was.

Al die stempels op hierdie bladsy is van die tweede groep nommers met balke.

Cagliari 7

Catania 8

Milano 17

Modena 18

Lucca 15

Firenzi 12

Genova 13

Ferrara 11

Livorno 14

Messina 16

Die poskantore was redelik ongelyk verdeeld met nagenoeg die helfte (sowat 1600 uit die 2900) wat uit die voormalige Sardinie gekom het. Dit is dus nie vreemd dat hierdie streke meer hoofkantore gekry het, al was die stede redelik naby aan mekaar soos Modena, Lucca en Firenzi bo uitgebeeld

Piacenza 25

Parma 22

Navaro 20

Pavia 23

Pisa 26

Perugia 24

Siena 27

Napoli 19

Uit hierdie hoof poskantore is dit opvallend dat Rome en Venesie kort – maar hulle het eers by Italie aangesluit nadat hierdie verdeling gedoen is.

Venesie het eers in 1866 en Rome in 1870 deel van Italie geword: van hulle kantore is egter wel onder die derdeklas kantore wat later stempels gekry het

Die tweede klas kantore se nommers het vanaf 29 tot 170 gestrek, ook alfabeties toegeken. Soos hier gesien kan word, is dorpe naby mekaar se nommers partykeer ver uitmekaar uit (soos 102, 117 en 147) met dorpe met die volgende nommer ver weg (soos 116).

Die brief onder wys die eerste sort nommer stempel met punte wat tot 1877 gebruik is, en die tipiese enkelsirkel met dorpsnaam. Die rugstempel van Ancona is van die 1steklas kantoor, en dui ontvangs aan.

Orvieto 116

Osimo 117

Macerato 102

Senigallia 147

Lecco 97

Na 1861 is die hoof administratiewe afdeling van Italie die streke, waarvan daar oorspronklik sewe groot streke was, maar in 2018 het dit vermeerder tot 20.

Die tweedevlak administratiewe eenheid was die provinsie. Oorspronklik 59 in nommer, is dat in 1866 met Venesie se toetrede tot 68 vermeerder en in 1870 tot 69. Daar is oor die jare verskeie veranderinge hieraan aangebring tot waar daar in 2018 100 provinsies is

Forli 81

Ravenna 130

Cunea 71

Lecce 96

Caserta 53

Cosenza 68

Reggio Calabria 131

Die tweedevlak poskantore is dikwels die hoofstad van die provinsie met dieselfde naam, soos in al die gevalle hier gewys.

Die provinsie Caserta, een van die oorspronklikes is egter in 1927 onderdruk, maar is weer in 1945 ingestel.

Lecco 97 bo, was nie oorspronklik hoof van 'n provinsie nie, maar in 1992 is die provinsie Lecco ingestel.

Met slegs 59 provinsies en 160 tweedeklas kantore, kon nie almal provinsiale hoofstede wees nie. Hierdie bladsy ways dan 'n klompie wat nie hoofstede was nie, maar wel tweedeklas kantore

Casale Monferato 51

Novi Ligure 114

Imola 90

San Remo 139

Fossano 82

Urbino 161

Empoli 74

Castellamare di Stabia 55

Dit is duidelik dat die verspreiding van die kantore wat in 1866 uitgesit is wel die invloed van die staat Sardinie gewys het. Hierdie staat was nie net die eiland nie, maar het ook die noordelike vasteland streke van Piedmont, Savoy en Nice ingesluit, met die hoofstad Torino.

In 1861, met die totstandkoming van die geintegreerde posdiens, was nagenoeg 900 van die 1800 poskantore in hierdie streke.

Milano 181

Bologna Ferrovia 172

Die nommers van 171 tot 191 is uitgehou vir takke van die eersteklas of "Gran citte" poskantore. Hierdie takke het partykeer name gehad, soos by Bolgna Ferrovia (spoorweg) 172, of was maar 'n tweede nommer van die stad soos by Milano 181

Genovia Ufficio del Porto 180

Genovia Ferrovia 179

Pescara Ferrovia 188

Firenze 174

Napoli Porto 184

Die twee Napoli takke wys die eerste sort stempel, met die Genovia takke wat onderskeidelik die eerste en tweede sort stempel wys

Napoli 183

Palermo 187

In 'n paar gevalle soos by Napoli en Genova is daar meer as een nommer. Na 1866 en die nommer 2503 is nuwe takke 'n viersyfer nommer toegeken

'n Spesiale geval is die van Pescara Ferrovia 188, want Pescara is oorspronklik ingedeel as 'n derdeklas kantoor en nie 'n eersteklas of "Gran citte" nie.

Nommer 226 tot 233 is toegeken aan skepe, albei die op die oop see en die op binnelandse waters. Hierdie spesifieke stempel 226 is op binnelandse waters gebruik met die toekenning aangedui as "Servizi laucali natante" (In diens van skepe op mere).

Cuneo – Torino 206

Cuneo – Torino 207

Genova – Torino 197

Firenze – Torino 174

Die spoorwee het ook reisende poskantore gehad. Aan hierdie poskantore is die stempelnommers 192 tot 225 toegeken, soos op die Cuneo-Torino hier gewys.

Later is van die tweede stempels van eersteklaskantore, soos Firenze-Torino 174 hierbo gebruik, en later nog is daar ook viersyfernommers toegeken.

Soos by Cuneo-Torino hier gewys was daar ook dikwels meer as een nommer aan 'n spesifieke spoortrajek toegeken – hier is opeenvolgend 206 en 207. Die nommers is ook aan 'n spesifieke rigting toegeken vanaf die eerste plek genoem na die tweede, met ander nommers toegeken aan die retoerrit.

Bianze 442

Busto Arzizio 556

Brisighella 528

Borgomanero 483

Die derdeklas poskantore is die nommers 236 tot 2503 toegeken in alfabetiese volgorde, net soos by die tweedeklas kantore. Nuwe kantore is dan nommers vanaf 2504 toegeken.

'n Voorbeeld van 'n brief van 'n derdeklas kantoor is die een van Borgomanero, met die dubbelsirkel dorpstempel en die eerste sort nommerstempel van 483

Op die rugkant vind ons twee stempels – die eerste is van die Milano Stazione poskantoor, wat aangedui het dat dit met die trein gekom het, en die tweede die hoofposkantoor Milano stempel. Albei hierdie is die enkelsirkel stempel. Beide die dubbelsirkel en die enkelsirkel is voorbeelde van Sardieniese stempels.



Trescore
Belneario 2340

Celano 812

Serravezza 2164

Varazze 2392

Casalbordino 691

Meta 1384

Porto Torres 1807

Riposto 1880

Derdeklas poskantore was redelik volop en ook naby mekaar. Daar was natuurlik minder pos van hierdie kantore, want hulle was dikwels in kleiner dorpe met inwonergetalle wat selfs nou minder as 10,000 is.

Daar moet ook genoem word dat in 1871 is daar gevind dat 65,9% van die mans en 75,1% van die vroue ongeletterded was, wat ook minder gebruik van die pos beteken het.

Venas 2672

Oderzo 2634

Schio 2654

Hierdie is ongewoon aangesien die 1 en 2c nie veronderstel was om met die nommerstempels gestempel te word

Longarone 2614

Camerano 2861

Petriolo 2847

Maratea 2516

Nommers vanaf 2504 is toegeken aan kantore soos hulle oopgemaak het – die sogenaamde "Istituito successivamente".

Soos die boonste vier hier en die twee regs van Italie, is dit nie verbasend dat die poskantore in Venesie en die voormalige Pouslike State goed verteenwoordig was, aangesien hulle nie in die eerste indeling gereken was nie

Borgo d'Ale 3206

Paularo 4319

Forna di Zoldo 3140

San Giorgio di Nogaro 3074

Crocefieschi 3540

Quingentole 3474

Foggia 3031

In 1870, aan die einde van die klassieke tydperk was daar amper 2900 nommers uitgereik, met die hoogste nommer 3074, nog steeds in die ontwerp van punte en 'n nommer.

Daarna was alle uitreikings die strepe en nommer tipe met die nommers nog steeds toegeken in volgorde van poskantoor oopmaak. Hierdie nommer stempels se gebruik was in 1889 gestaak met die hoogste nommer 4473 (Tarsagno in die Provinsie Parma).

Stempels met getalle bo 4000, soos Paularo hierbo, is skaars aangesien die tydperk waarin hulle gebruik was, maar van korte duur was, en die dorpe dikwels klein. Paularo, byvoorbeeld het in 2017 maar 2556 inwoners gehad. Dit is ook gelee in 'n gebied wat deel van Venesie was.

Dieselfde nommer kan by meer as een poskantoor gevind word. Soos poskantore toegemaak is, is hulle nommers aangegee aan 'n nuwe kantoor. Hierdie tweede kantoor is dan ook 'n "Istituito successivamente" IS. Die groot pyle ways waar nommers geskuif is.

Mantova 236 IS

Antignano 313

Padova 437 IS

Udine 360 IS

Abbasante 236

Cariati 313 IS

Bessude 437

Austis 360

Om te besluit by watter kantoor 'n los nommer dan gebruik was is moeilik. Gewoonlik moet aanvaar word,dat die eerste sort stempel by die eerste kantoor gebruik is, en die tweede sort gewoonlik by die tweede kantoor, maar slegs die dorpstempel saam met die nommer is bevestigend.

Hier is daar, bv, Abbasante 236 (toevallig die heel eerste van die derdeklas poskantore) se nommer met die eerste sort stempel, met Mantova, die IS, met die tweede sort nommerstempel

Nommerstempels is op 1 Maart 1866 ingestel en nadat die vorm verander het van punte met 'n nommer soos hier uitgebeeld op 'n brief van die tweedeklas kantoor Faenza 76, na een met nommers en strepe, is daar op die 31.12.1889 afgesien van die nommerstempels.

Die Eerstedag koevert (onder) met Rome se Filataliese toonbank stempel is uitgegee 100 jaar nadat die puntstempels uit gebruik geneem is en is tiperend van die stempels wat dan na 1889 gebruik is.



Tog hou die puntstempels nog hul bekoring, met die raaisel van die dorp waar hulle gebruik is slegs opgelos met die dorpstempel saam met die nommer, en die roete wat die brief gereis het bewys deur hierdie en die ontvangs stempel soos die van Ancona agterop hierdie brief.